

## **GEDENKTUIN TE NG KERK, PRETORIA-OOS**

Ons vertrou dat die Gedenktuin sal bydra om die herinnering aan u geliefdes op 'n mooi en vreugdevolle manier lewend te hou.

Die volgende reëlins omtrent die gebruik van die nisse in die muur is van toepassing:

1. Alvorens u die stoflike oorskot in 'n nis wil plaas moet daar eers 'n bewaringsooreenkoms by die kerkkantoor voltooi word en die volle bedrag (R2 500.00 vir die aankoop van 'n nis), betaal word.
2. Let wel, **GEEN** as word geplaas alvorens die graving op die granietsteen nie gedoen is nie.
3. Indien u die stoflike oorskot (die as) van 'n persoon in die nis wil plaas, moet die volgende prosedure gevolg word:

Verstrek die volgende besonderhede skriftelik aan die kerkkantoor

- Volle name en van van oorledene.
  - Geboorte- en sterfdatum.
  - Bybelteks (opsioneel). Nie die volledige teks nie maar slegs die **teksverwysing** bv. Ps. 23:1.
4. Die bogenoemde besonderhede moet op 'n vorm wat by die kerkkantoor te kry is, ingevul word.
  5. Ter wille van eenvormigheid word die graving op al die granietstene op 'n spesifieke manier gedoen.
  6. Reël vir 'n datum en tyd vir die plasing. Die seremonie, indien enige, met die plasing van die as, reël u self. Die kerk sal wel behulpsaam wees met die oop- en toemaak van die nis. **Reël dit ook vooraf met die kerkkantoor.**
  7. Afsprake vir die plasing van as word met die kerkkantoor gereël. Hierdie reëling is baie belangrik ten einde oorvleueling te voorkom. Sodra die as geplaas is sal die kerkkantoor veiligheidsdoppies oor die skroewe plaas ter beskerming. Kantoortye: Maandag tot Donderdag 08:00 tot 14:00.
  8. Stel die kerkkantoor in kennis sodra as in 'n nis geplaas is. Dit is baie belangrik, want die data moet vir rekordhouding op rekenaar aangebring word.
  9. Die kerk het gereël vir die dienste van 'n graveerder wat die inskrywings op die granietstene ter plaatse sal doen. **U is verantwoordelik vir hierdie koste.** (R380.00 vir die granietsteen en R3.50 per letter, syfer of karakter.) Hierdie koste is betaalbaar by die kerkkantoor.
  10. Indien daar vir 'n tweede of derde keer graving op dieselfde granietsteen aangebring word (bv. sterfdatum), beloop die koste R100.00 (om die granietsteen te verwyder) + R3.50 per letter/syfer/karakter.
  11. Die grootte van die nisse is 230 x 230 x 170mm. **Maak asseblief seker dat die kistsies wat gebruik word binne die ruimte sal pas.**

Ons vertrou dat hierdie Tuin van Herinnering werklik sy doel sal dien as 'n rustige en eerbiedwaardige laaste rusplek vir u geliefdes.

**Nms. Kerkraad  
Mev. B. Marais**

Die **Pretoria-Oos Gedenktuin** is deur die gemeente opgerig om in die groter wordende behoefte aan veilige begraafplase/gedenkmure te voorsien.

Baie gemeentes en mense dink dat die Gedenktuin uitsluitlik vir lidmate van die Pretoria-Oos Gemeente opgerig is. Die Stadsraad van Pretoria en die gemeente beskou die Gedenktuin as 'n diens wat aan die publiek gelewer word en is derhalwe vir enige Christen toeganklik.

Nisse is verkrygbaar vir enkelplasinge, sowel as dubbelplasinge (egpare). Geen maandelikse of jaarlikse fooi word gehef nie. Die instandhouding word deur die gemeente waargeneem en die administrasie word deur die kerkkantoor hanteer. Kopers maak 'n keuse uit beskikbare nisse, waarna 'n bewaringsooreenkoms deur die kerkkantoor voltooi word. Die graving word ook (op 'n standaard manier ter wille van eenvormigheid) deur die kerkkantoor gereël. Oorplasinge vanaf ander gedenkmure kan ook deur die kerkkantoor gereël word.

Kostes :	Per nis :	R2 500.00 (enkel- of dubbelplasing)
	Graving :	R380.00 + R3.50 per letter/syfer/karakter
	Tweede/derde gravinge :	R100.00 + R3.50 per letter/syfer/karakter
	Oorplasing vanaf ander gedenkmure :	R380.00

Kontak nommer van Kerkkantoor :	(012) 344 1950
Kantoorure : Maandag tot Donderdag :	08:00 tot 14:00
Vrydag :	07:30 tot 13:30

Die **Pretoria-Oos Gedenktuin** is deur die gemeente opgerig om in die groter wordende behoefte aan veilige begraafplase/gedenkmure te voorsien.

Baie gemeentes en mense dink dat die Gedenktuin uitsluitlik vir lidmate van die Pretoria-Oos Gemeente opgerig is. Die Stadsraad van Pretoria en die gemeente beskou die Gedenktuin as 'n diens wat aan die publiek gelewer word en is derhalwe vir enige Christen toeganklik.

Nisse is verkrygbaar vir enkelplasinge, sowel as dubbelplasinge (egpare). Geen maandelikse of jaarlikse fooi word gehef nie. Die instandhouding word deur die gemeente waargeneem en die administrasie word deur die kerkkantoor hanteer. Kopers maak 'n keuse uit beskikbare nisse, waarna 'n bewaringsooreenkoms deur die kerkkantoor voltooi word. Die graving word ook (op 'n standaard manier ter wille van eenvormigheid) deur die kerkkantoor gereël. Oorplasinge vanaf ander gedenkmure kan ook deur die kerkkantoor gereël word.

Kostes :	Per nis :	R2 500.00 (enkel- of dubbelplasing)
	Graving :	R380.00 + R3.50 per letter/syfer/karakter
	Tweede/derde gravinge :	R100.00 + R3.50 per letter/syfer/karakter
	Oorplasing vanaf ander gedenkmure :	R380.00

Kontak nommer van Kerkkantoor :	(012) 344 1950
Kantoorure : Maandag tot Donderdag :	08:00 tot 14:00
Vrydag :	07:30 tot 13:30